# Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary

DOELGERIG

# Kwetter Letter

**NOMMER 33 VAN 2021 : 28/10/2021**

= Lees asseblief alle inligting =

## 1. PERSONEEL BOODSKAP

Deurlopende assessering vind plaas.

**Dit is belangrik dat u kind elke dag skool bywoon.**

U samewerking, in belang van u kind se vordering, word waardeer.

**Die Skool en Naskoolsentrum sal gesluit wees op Maandag, 1 November 2021. (Nasionale Vakansiedag – Verkiesingsdag)**

Die Laerskool begin binnekort met eksamen en die skool sal derhalwe, vanaf 12 November 2021, vroeër verdaag. Hou asseblief die Riebie Klanke dop in dié verband. Nuwe Hasie Kwassie tye sal in volgende week se Kwetterletter deurgegee word.

## 2. Verjaarsdae

❖ Baie geluk aan ons maatjies wat in NOVEMBER verjaar! Geniet ‘n dag propvol pret!

Juffrou Lynette : Jordan 04/11; Karah 13/11; Anemé 15/11; Gideon 25/11
Juffrou Cathy : -
Juffrou Sonja : Stacey 01/11; Rori 03/11; Mphiwe 16/11
Juffrou Anke : Dakota 21/11

**NB**: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

## 3. Buitemuurse aktiwiteite

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Playball ; Drama ; Ballet |
| Dinsdag | - | Gholf ; Swem |
| Woensdag | - | Netbal ; Rugby Akademie - (**Onthou tekkies**) |
| Donderdag | - | Swem ; Tennis - (**Onthou tekkies**) |
| Vrydag | - | Dance Mouse |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Playball | Debbie<br>082 440 4708 | Gholf | Jonathan<br>074 369 0253 |
| Swem | Ellen<br>082 920 8747 | Ballet | Karlien<br>083 297 5714 |
| Netbal<br>&<br>Rugby<br>Akademie | Venessa<br>083 660 4707<br>Dawid<br>081 575 2682 | Tennis | Diaan<br>071 895 1619 |
| Dance Mouse | Elden<br>078 998 3688 | Drama | Lydia<br>073 829 0593 |

**Onthou asseblief:**

- **Alle buitemuurse aktiwiteite wat aangebied word, is onderhewig aan weerstoetstande.**
- **Indien dit reën, kan die aktiwiteit nie plaasvind nie.**
- **Kontak asseblief die betrokke afrigters direk indien u enige navrae het.**

## 4. Tema vir die week

**02/11/2021 – 05/11/2021**
**INSEKTE**



# 5. Opvoedkundig

## 5.1 ASSESSERING: (Graad R - leerders)

- Ouers moet asseblief deur die 4de kwartaal assesserings gaan wat u ontvang het.
- Dit gee duidelike riglyne van wat van u kind verwag word met betrekking tot sy/haar **skoolgereedheid**.

## 5.2 ONS LEER LETTERS SKRYF: (Graad R - leerders)

- Die korrekte skryfwyse is uiters belangrik.
- Begin by die kolletjie, kyk na die pyltjie en volg die rigting van die pyltjie.
- *Sien harde kopie bylaag wat u kind saam met die nuusbrief ontvang - Letters "s" & "t".*

## 5.3 SPRINGTOU SPRING: (Graad R - leerders)

- Leerders moet asseblief tuis oefen om springtou te spring.
- Doen dit stap-vir-stap.
- Die maats spring al baie oulik met hul springtoue. Ons hoor die ouers raak saam met die kleuters fiks ☺☺

## 5.4 BALLE BONS EN VANG: (Graad R - leerders)

- Speel en oefen tuis.
- Bons bal en vang dit (groot bal).
- Staan op een plek en bons bal met elke hand alternatiewelik.

## 5.5 WEES BETYDS

- Ons herinner ouers dat u kind op die laatste soggens om 07:15 by die skool moet wees.
- Dankie aan al die ouers wat ons Hasie Kwassie maats betyds aflaai.

## 5.6 GRAAD RR

- **Ouditiewe geheue**: "**Onthou wat ek hoor**".
- Kleuter herhaal 4 woorde in 'n gegewe volgorde.
- Gebruik bekende items, byvoorbeeld: piesang, brood, kaas, appel.
- U benoem die items. Kleuter luister, onthou en herhaal dit in korrekte volgorde.

# 6. Algemeen

## 6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

| **Donderdae**<br>**Vrydae** | **Nuusboek**<br>**Nuusboek terug** |
|---|---|
| 03 November | Ken-my-Juffrou – Graad RR & Graad R (2022) |
| 12 November | **Laerskool eksamen begin** |
| 18 November | Instappie |
| 19 November | Klankedag (slegs vir leerders) |
| 08 Desember | Gradeplegtigheid |
| 15 Desember | Skool sluit |

- *HOU ASSEBLIEF DIE KWETTER LETTER DOP VIR MEER INLIGTING RAKENDE DIE BOGENOEMDE.*

**Hierdie program is onderhewig aan veranderings**
***Verwys ook na die Riebie-Klanke***
***Web & D6***

## 6.2 KONTAK SKOOL

❖ Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

## 6.3 KEN-MY-JUFFROU DEURSTAP GELEENTHEID: GRAAD R & GRAAD RR (2022)

**Datum : 3 November 2021**

**Tyd : 17:00 – 19:00**

❖ Graad R (2022) ouers het reeds ‘n e-pos kennisgewing ontvang. Hou asseblief u e-pos dop vir verdere inligting en reëlings met betrekking tot die geleentheid.

❖ Ons sien daarna uit om al die nuwe Hasie Kwassie maats vir 2022 te ontmoet 😊 !

## 6.4 INSTAPPIE

**Datum : Donderdag, 18 November 2021.**

**Koste : R35-00** (stuur in ‘n gemerkte koevert voor/op 16 November 2021).

❖ “On Cue” Teater bied aan: “Somer, vakansie”, en veilig in die water”.

❖ Al ons Hasie Kwassie maats gaan die jaar-eind vertoning geniet!

## 6.5 KLANKEDAG (slegs Graad R - leerders)

**Datum : Vrydag, 19 November 2021, in die skoolsaal**

- Hierdie dag is ‘n pretdag vir ons Graad R-leerders.
- Kies een klank van die alfabet.
- Kies dan ‘n woord wat met dié klank begin, byvoorbeeld: b – beer; f – feetjie; k – koning.
- Kom op dié dag, aangetrek volgens die tema, skool toe.
- Wees oorspronklik en kreatief. Ons gaan vir al ons maats wys 😊.
- STUUR ASSEBLIEF DIE SKEURSTROKIE WAT U ONTVANG HET TERUG SKOOL TOE.

## 6.6 GRADEPLEGTIGHEID – GRAAD R & GRAAD RR

**Datum : 8 Desember 2021**

**Plek : Skoolsaal**

- Meer inligting sal mettertyd aan ouers gekommunikeer word.
- Betaalde Gradeplegtigheid foto’s en diplomas word tydens die Gradeplegtigheid ontvang.

## 6.7 GRAAD 1 - 2022

**Graad 1 - 2022**

**Huidige Graad R leerders wat by die skool aansoek gedoen en ingeskryf word, sal gedurende volgende week (in fases) die inskrywings-dokumente in ‘n koevert ontvang om te voltooi en terug te bring skool toe.**

**Soos reeds genoem is ons tyd beperk, as gevolg van die departementele aanlyn inskrywingsproses wat hierdie jaar later as gewoonlik plaasvind. Ons wil graag die proses so gou moontlik afhandel sodat ons kan voortgaan met die reëlings vir die ouer-inligting geleentheid, ens.**

Alle ander nodige inligting rakende die inskrywingsproses, Graad 1 ouer-inligting, skryfbehoeftelyste, ensovoorts, sal gedurende die maand van November aan ouers gekommunikeer word.

Indien u onseker is of enige navrae het stuur asseblief ‘n e-pos na naomi@riebie.co.za

Hou ook die skool se nuusbriewe en d6 dop vir enige verdere inligting in die verband.

## 6.8 LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK JAARBLAD

Eerste in sy soort by Laerskool Van Riebeeckpark – '**n Jaarblad**! Dankie aan al die ouers wat reeds belangstelling getoon het om die skool te ondersteun met die Jaarblad.

Indien u versoek het om 'n advertensie te plaas, neem asseblief kennis van die grootte van u advertensie. Hou in gedagte dat die Jaarblad "*landscape*" sal vertoon.

**A4 Volblad = 297mm breed x 210mm hoog**
**en**
**A5 = 148mm breed x 210mm hoog**

**BESTEL EN BETAAL U JAARBLAD SOMMER NOU**
**TEEN SLEGS R250.00 PER JAARBLAD**
**Ons vra dat ouers ons asseblief sal ondersteun.**

| | | |
|---|---|---|
| Bank | : | FNB |
| Takkode | : | 205609 |
| Rekeningnommer | : | 6274 913 4243 |
| Verwysingsnommer | : | 9719 Jaarblad |

Vir enige ander navrae, e-pos gerus vir Mev. J. Ruthven by: julie@riebie.co.za.

## 6.9 VERKEER EN VEILIGHEID OM DIE SKOOL

Dankie aan al ons Hasie Kwassie ouers wat met veiligheid en omsigtigheid u kinders op- en aflaai.

Maak asseblief seker dat instansies en ander persone wat u kinders vervoer op hoogte is van die reëlings, soos in verlede week se nuusbrief aan u gekommunikeer is.

Ons kleuters en ouers se veiligheid is vir ons van kardinale belang. Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning en samewerking.

# 7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

**BANKBESONDERHEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Naam | : | LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK |
| Bank | : | FNB (TJEK REKENING) |
| Takkode | : | 205609 |
| Reknommer | : | 62749134243 |
| Verwysing | : | Gr R + Kind se naam & van |

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

# SKOOLGELDE vir 2022

**GRAAD 1**

- Tydens inskrywing (*Skriftepakket ingesluit*) R 1, 600.00
- R1, 545.00 x 11 maande (1 Januarie 2022 - 1 November 2022) R16, 995.00

**TOTAAL BETAALBAAR** **R18, 595.00**

OF

- Tydens inskrywing (*Skriftepakket ingesluit*) R 1, 600.00
- **Eenmalige betaling** van R15, 450.00 vir skoolfonds voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R16, 995.00 – R1, 545.00 = R15, 450.00). R15, 450.00

**TOTAAL BETAALBAAR** **R17, 050.00**

**GRAAD 2 – GRAAD 7**

- R1, 545.00 x 11 maande (1 Januarie 2022 - 1 November 2022) **R16, 995.00**

OF

- **Eenmalige betaling** van R15, 450.00 vir skoolfonds voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R16, 995.00 - R1, 545.00 = R15, 450.00).

**TOTAAL BETAALBAAR** **R15, 450.00**

**GRAAD R en RR**

- Tydens inskrywing (*Verpligte T-hempies uitgesluit*) R 1, 625.00
- Skoolgelde (R1, 625.00 x 12) - R19, 500.00

die eerste maand se betaling moet gedoen word voor of op 30 November 2021 en die laaste betaling teen 1 November 2022.

**TOTAAL BETAALBAAR** **R21, 125.00**

OF

- Tydens inskrywing (*Verpligte T-hempies uitgesluit*) R 1, 625.00
- **Eenmalige betaling** van R17, 875.00 voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R19, 500.00 - R1, 625.00 = R17, 875.00). R17, 875.00

**TOTAAL BETAALBAAR** **R19, 500.00**

**Algemeen:**

Ouers moet asseblief daarop let dat die skoolgelde vir 2022 jaarliks gehef word en nie maandeliks nie.

**RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM**

| | |
|---|---|
| Naskoolgelde (R825.00 x 12) | R9, 900.00 |
| **TOTAAL BETAALBAAR** | **R9, 900.00** |

- R825.00 x 12 maande waarvan die eerste maand se betaling gedoen moet word voor of op 1 Januarie 2022 en die laaste betaling teen 1 Desember 2022.

  OF

- **Eenmalige betaling** van **R9, 075.00** voor of op 28 Februarie 2022, om te kwalifiseer vir een maand korting (R9, 900.00 - R825.00 = R9, 075.00).

## 8. Wagklas

**2 November 2021 – 5 November 2021**

**Lokaal: Juffrou Sonja**

**WAGKLAS 12:30 – 14:00**

**(Wagklas roteer van klas tot klas, op 'n weeklikse basis. Wagklas is slegs vir leerders met ouer boeties en sussies in Laerskool van Riebeeckpark).**

**GEEN WAGKLAS OP VRYDAE.**

**SNOEPIE : MÔRE, 29 OKTOBER 2021.**

Onthou jou beursie om jou nek.

**Let wel: Indien dit reën, sal daar nie snoepie wees nie.**




**LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA**